10/2010 17 Maart 2010

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende vriendelik onder u aandag.

**2010: LEWE MET DANKBAARHEID**

Eerste Kwartaal: **INTEGRITEIT**
**Oor INTEGRITEIT:**

- Integriteit is doodeenvoudig om dié dinge te doen wat jou laat goed voel na die tyd, en dié na te laat wat jou na die tyd skuldig laat voel.
- Wanneer mense van jou kwaadpraat, lewe so dat niemand hulle glo nie.

## 1. BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Do 18 Mrt | **Toets: Tegnologie** |
| Vr 19 Mrt | **Toets: Tweede Taal** |
| Son 21 Mrt | **Menseregtedag** |
| Ma 22 Mrt | **PUBLIEKE VAKANSIEDAG (SKOOL GESLUIT)** |
| Do 25 Mrt | **Gr R: Atletiek (08:00 – 12:00)** |

## 2. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| DATUM | AKTIWITEITE | TEENSTAANDERS | T/W |
|---|---|---|---|
| Wo 24 Mrt | Krieket: O/8; O/9; O/10; O/11 & O/13 | Interhuis | T |

**BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE / OEFENINGE**

- Dankie aan al die spelers wat tydens die toetsreeks getrou die ekstra oefeninge bygewoon het.

## 3. SKOOLDRAG / SPORTDRAG (Navrae: sekretaresses 981-1882).

Verkope: **Ma & Wo 13:30 – 15:00**
**Elke Woensdagaand: 17:00 – 18:00**
*****Nuwe atletiekdrag by klerebank beskikbaar*****
**Skoolrokke is weer beskikbaar**

## 4. SKOOLGELDE

**NB Alle gelde** (korrekte bedrag) moet in 'n **geseëlde koevert** skool toe gestuur word.
BANKBESONDERHEDE: ABSA (Takkode: 632005), BRACKENFELL, TJEK REK., NR. **01002621262 (Verwysing: U kind se naam & van of u rek. Nr.)**

Briewe i.v.m. KWYTSKELDING OF VERMINDERING van skoolgelde moet geteken en voor of op Woensdag, 24 Maart 2010 by die **finansiële sekretaresse** ingehandig word.

Die Beheerliggaam wil al die ouers/voogde bedank wat getrou en op datum skoolgelde betaal.

## 5. ALGEMEEN

**PRETLOOP (Vr 26 Maart – laaste dag van kwartaal)**: **R10** per inskrywing.
Volwassenes en kinders mag ook deelneem @ R10 per persoon. Geen troeteldiere asseblief.
Betaal asseblief by u kind se opvoeder as u wil deelneem.

**MASELS & POLIO INENTING**:

- Nie verpligtend nie.
- Word nie op die kliniekkaart ingevul nie (sal wel bewys ontvang).
- Sal in April gedoen word.
- Inenting alleenlik vir leerders wat toestemmingsbriefies voltooi en ingehandig het.

Vriendelike groete

> Diere is nie so dikwels siek soos mense nie, miskien is dit so omdat diere nie dink dat hulle siek is nie.

______________
**C D Eksteen**
**SKOOLHOOF**

---

Ek, ouer van __________________________________ Gr _________ erken ontvangs van **Omsendbrief 10/2010.**

____________________ ______________
**HANDTEKENING** **DATUM**